

UITVOERENDE SAMEVATTING VAN DIE FINANSIËLE HERSTELPROGRAM VAN DIE KANNALAND- MUNISIPALITEIT

Vorberei ingevolge Artikel 139(5) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 ("die Grondwet") saamgelees met artikel 139(1) en 141 tot 142 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (56 van 2003)

1. UITVOERENDE SAMEVATTING

Inleiding

Die Kannaland Plaaslike Munisipaliteit is 'n Kategorie B-munisipaliteit wat 325 kilometer van Kaapstad af in die Wes-Kaap geleë is.

Die munisipaliteit beslaan 'n oppervlakte van 4 758 vierkante kilometer in die Klein-Karoo en strek vanaf die Swartberg in die noorde tot by die Langeberg in die suide, en van die Anysberg in die weste tot by die Gamkaberg in die ooste. Dit word deur die Groot- en Gouritsrivier gevoed en grens aan die Laingsburg- en Prins Albert-munisipaliteite in die noorde, die Oudtshoorn-munisipaliteit in die ooste, die Hessequa-munisipaliteit in die suide en die Swellendam- en Langeberg-munisipaliteite in die weste.

Volgens die 2011-sensus het die munisipaliteit 'n bevolking van 24 767 in 6 212 huishoudings. Van hierdie bevolking beskryf 84,6 persent hulle as 'Kleurlinge', 9,9 persent as 'wit' en 4,7 persent as 'swart Afrikane'. Die eerste taal van 95,4 persent van die bevolking is Afrikaans, met 2,5 persent wat Engelsprekend is.

Die grootste dorp en ook die setel van die munisipale hoofkwartier is Ladismith, wat in 2011 'n bevolking van 7 127 gehad het. Ladismith is net soos Zoar (bevolking van 4 659) en Calitzdorp (bevolking van 4 284) aan die oostekant, aan die voet van die Swartberg geleë. Vanwyksdorp (bevolking 833) is verder suid in die vallei van die Grootrivier.

'n Raadsbesluit is op 'n spesiale sitting van die Kannaland Munisipale Raad op Vrydag 2 Desember 2016 geneem waarin die Wes-Kaapse Provinsiale Uitvoerende Gesag versoek is om ooreenkomstig die vereistes van Artikel 139(5) van die Grondwet, saamgelees met die tersaaklike voorskrifte van die WoPRMFB, by die munisipaliteit in te gryp. Hierdie ingryping is genoodsaak deur die gereelde mislukking van die Munisipale Raad oor 'n lang tydperk om sy uitvoerende verpligtinge uit te voer. By aanvang van die ingryping sal die raad sy uitvoerende en wetgewende gesag behou.

Agtergrond

Die Kannaland Munisipaliteit het reeds die afgelope 10 tot 11 jaar finansiële probleme ervaar. In hierdie tyd was daar twee pogings met 'n finansiële herstelprogram wat nie die gestelde doelwitte bereik het nie. Die redes vir die mislukte pogings kan wissel van swak bestuursbetrokkenheid tot politieke onstabiliteit in Kannaland. Die volgende faktore het gesamentlik tot die finansiële probleme bygedra wat die munisipaliteit tans ondervind:

- Die munisipaliteit is lank reeds lamgelê deur politieke onstabiliteit en 'n stryd om mag en politieke beheer van die munisipaliteit. Verskeie politieke vakatures en

onstabiele koaliesies, saam met 'n hele aantal gevalle van oorloperij het tot die destabilisering van die munisipaliteit bygedra.

- 'n Uittog van ontnugterde bestuurspersoneel het die munisipaliteit leierloos en sonder rigting gelaat; dit het tot verkeerde politieke en administratiewe besluite gelei en het die munisipaliteit in 'n institusionele en administratiewe krisis gedompel.
- Personeellede is op 'n ad hoc-basis aangestel met die totale verontagsaming van geskikte Menslikehulpbronprosesse wat gevolg moes word, wat werkgewer-werknemerverhoudings in gevaar gestel en tot die onbekostigbare personeel- en salarisuitgawes bygedra het.
- 'n Hersiening van die organisatoriese struktuur is baie lank nie gedoen nie, wat tot die dilemma van menslike hulpbronbestuur bygedra het.
- 'n Gebrek aan bedwang van begrotingsbestuurbeheer het tot die wanaanwending van begrotings- en ander hulpbronne gelei, en baie min ooreenkomste tussen die begroting en werklike besteding kon opgespoor word.
- Die munisipale begroting vir die 2016/17-boekjaar was basies vol foute met betrekking tot beginsels wat in die opstel van 'n begroting toegepas behoort te word, wat die strewe na finansiële volhoubaarheid so negatief geraak het dat die munisipaliteit tans in erge finansiële nood verkeer, aangesien die begroting nie kontantgerig of geloofwaardig was nie en ook nie die beginsels van finansiële volhoubaarheid en lewensvatbaarheid gevolg het nie. Dit was duidelik dat sekere inkomstestrome nie gerealiseer sou word nie en substansiële aanpassings sal gemaak moet word. Hierdie bevinding is ook deur die provinsiale tesourie uitgelig toe die begroting ingevolge Artikel 23 van die WoPRMFB geassesseer is.
- Stelsels, beleide en prosedures in 'n hele reeks korporatiewe, institusionele en administratiewe funksies is nooit ontwerp of in plek gestel om toepaslike korporatiewe bestuur wat vereis word om 'n gesonde organisasie te verseker nie.
- 'n Gebrek aan oorsig, risikobestuur en -beheer, saam met onbevoegde leierskap het geleenthede geskep vir die wanbesteding van fondse, wat die waardelose besteding van geld, en uitermate hoë voorkoms van onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende en ongemagtigde besteding uitgeloop het.
- Die munisipaliteit het 'n weerspreking van mening van die Ouditeur-generaal ontvang vir die 2015/16-boekjaar, wat net verder beklemtoon dat die finansiële sake van die munisipaliteit nie na wense was nie.
- Finansiële wanbestuur het tot gevolg gehad dat die munisipaliteit hom in 'n hopelose finansiële posisie bevind met krediteure wat die munisipaliteit oorval met eise om die betaling van lank uitstaande skuld.

- Die Eskom-massadiensrekening het vir 'n sekere deel van 2016 onbetaal gebly, wat skuld van R12 miljoen tot gevolg het en byna daartoe gelei het dat die grootmaat elektrisiteitsvoorsiening aan die dorp afgesny is.
- Skuldinvorderings- en kredietbeheer het dermate misluk dat niebetaling van dienste die norm geword het, wat verder tot die uitputting van fondse en reserwes bygedra het.
- Die tariewestruktuur wat deur die munisipaliteit toegepas is, was nie koste-doeltreffend nie, wat daartoe gelei het dat die koste van dienslewering onderbegroot is; dit het tot die verval van die infrastruktuur bygedra.
- Voorwaardelike toelaes is verkeerd toegewys en in operasies aangewend, wat tot ongemagtigde besteding van toelaes gelei het.
- 'n Gebrek aan bedwang in alle kategorieë van besteding het in baie gevalle tot waardelose geldbesteding en die sluiting van kontrakte met diensverskaffers gelei wat die munisipaliteit finansiële kwesbaar en uitgelewer aan die regsprosesse gelaat het tot dié mate dat krediteure teensinnig is om sake met die munisipaliteit te doen weens die gevaar van laat of niebetaling van rekeninge.
- Uitermate besteding aan regskoste het ten koste van dienslewering tot die grootskaalse uitputting van die fondse bygedra, dermate dat dienslewering in baie gevalle tot stilstand geruk is.
- Die sosio-ekonomiese profiel van die munisipaliteit, hoë vlakke van werkloosheid en 'n hoë persentasie van armlastige kliente het verdere druk geplaas op munisipale hulpbronne en die vermoë om as 'n lopende onderneming te funksioneer.
- 'n Gebrek aan langtermyn- finansiële beplanning en intelligente finansiële besluitneming het die munisipaliteit duur te staan gekom en dit tot op die rand van bankrotskap gedryf.
- Die gemeenskap en belanghebbendes van die munisipaliteit het vertroue in die munisipaliteit verloor.
- Die munisipaliteit het agter geraak met die implementering van die Munisipale Grafiek van rekeninge en moet inhaal ten einde te verseker dat hulle aan die wetgewende vereistes daarvan voldoen.
- Die meerderheid van die gemeenskappe in twee van die vier dorpe, naamlik Vanwyksdorp en Zoar, bestaan uit behoeftige mense, wat die invordering van skuld baie moeilik maak.
- Voltydse en deeltydse werknemers het nie die nodige vaardighede om hul pligte, soos in hul kontrakte uiteengesit is, na behore uit te voer nie.

Metodologie van die Ontwikkeling van die Finansiële herstelprogram

Die Finansiële Herstelprogram is voorberei as gevolg van 'n provinsiale ingryping waarna in Artikel 139(5) van die Grondwet, saamgelees met Artikel 139(1) en 141 tot 142 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (WoPRMFB) verwys word.

Die herstelplan is deel van die nasionale en provinsiale sfer van die regering se ingrypingstrategie om Kannaland terug op volhoubare voet te plaas wat 'n doeltreffende en bevoegde organisasie tot gevolg sal hê wat finansiële stabiel is en dienste volhoubaar aan die gemeenskap kan lewer.

Die Kannaland Munisipaliteit staar beduidende fiskale en diensleweringprobleme in die gesig, wat die doeltreffende en bevoegde uitvoering van sy funksies en mandaat ondermyn. Belangriker nog is egter dat hierdie probleme toenemend erger word, en tensy doeltreffende stappe geneem word om die onderliggende oorsake aan te roer, sal die Kannaland Munisipaliteit dit toenemend moeiliker vind om sy mandaat uit te voer.

Sleutelkomponente wat as prioriteite geïdentifiseer is, is:

- Hersien die huidige begrotingstrategie en -proses en besteding en bestuurstelsels om doeltreffende en bevoegde dienslewering in ooreenstemming met die Kannaland Munisipaliteit se prioriteite te verseker.
- Hersien inkomstebestuurstelsels om die inkomsteskeppingsmoontlikhede te maksimaliseer en inkomstevertoning te verbeter
- Hersien kontant- en skuldbestuurstrategieë en -praktyke.
- Hersien interne beheer en delegering van finansiële bestuur.
- Implementeer batebestuur deur 'n geïntegreerde infrastruktuur- en batebestuursplan.
- Hersien bestuurspraktyke in die bestuurspraktyke van die verskaffing en implementeer behoorlike beheer- en risikobestuurspraktyke.
- Herontwerp organisatoriese maatreëls, stel alle werksomskrywings saam en onderneem werk- en geskikte kapasiteitsevaluering van Begrotings- en Tesouriekantoor (BTK) met opgeleide en gekwalifiseerde personeel.
- Hersien IKT-infrastruktuur en implementeer Rekeningkundige, Begrotings- en Verslaghervormings (Munisipale Standaard-tabel van Rekeninge [MSCOA]) ensovoorts.
- Hersien alle kort- en langtermynlaste asook gebeurlikheidslaste en skeduleer die terugbetaling van skuld.